

Moenie oordeel nie

My oupa is op 3 Desember 1871 op Ficksburg gebore en op 13 Augustus 1964 op Marquard oorlede. Sy jeugjare is op die plaas *Frederickstad* in die Winburgdistrik deurgebring. Hy is in 1893 met Susanna Louisa Maria Maree van die plaas *Aanstoot* in die Bloemfonteindistrik getroud.

Ek is na my oupa vernoem, maar hy is al een wat my ooit Johannes genoem het – byna eenlettergrepig, *Jaans*; vir die res van die mensdom was ek John. Wat hy my genoem het, is onbelangrik, want hy het met my gesels – dit in 'n stadium toe grootmense nie juis aandag aan kinders gegee het nie. Maar hy het meer gedoen as gesels. Hy het my ook eendag genooi om saam te stap toe hy akskeid van 'n ou vriend gaan neem het.

Daar was niks morbieds daaraan nie. Ons het die kamer binnegegaan, op twee stoele gesit, na 'n tydjie opgestaan en stil-stil die straat na sy huis toe afgestap. Dit het 'n geweldige indruk op my gemaak wat ek as kind nie onder woorde sou kon gebring het nie. Veel later in my lewe het die Nederlandse digter J.C. Bloem dit vir my gedoen:

*En voor altijd is mij bijgebeleven:
hoe zeer veel stiller dood dan slapen is;
dat het een daaglijks wonder is, te leven, en elk ontwaken een herrijzenis.*

Die vriend van wie my oupa afskeid geneem het, was 'n kameraad uit die Anglo-Boereoorlog. Hulle was saam op kommando tot die val van Bloemfontein, toe hulle, saam met bykans ses duisend ander Vrystaters, die wapens neergelê het. Dit het hulle by sommiges die skeldwoord *hensopper* op die hals gehaal. Dit het my gegrief, want ek kon nie aanvaar dat my oupa ooit onedel of lafhartig opgetree het nie en dit het my boonop opgeval dat sy broer Meyndert, 'n bittereinder by uitnemendheid wat die boek, *Oorlogswolke oor die Republieke* oor sy wedervaringe geskryf het, hom nie in daardie lig beskou het nie.

Dit was vir my die aansporing om 'n studie te maak van die situasie waarin mense hulle tydens die oorlog bevind het en die keuses wat hulle moes maak sonder voorkennis van wat die toekoms inhou. Onder leiding van prof. Fransjohan Pretorius het ek 'n proefskrif daarvoor geskryf en dit aan die eervolle nagedagtenis van my oupa opgedra. Daarin, en in 'n boek wat daarop gebaseer is, *An Imperfect Occupation*, vra ek myself af hoe mense vyftig of 'n honderd jaar later hulle dit durf aanmatig om 'n oordeel oor die gedrag van hul voorouers te vel. Hulle was nie daar nie en het geen

idee van hoe dit toe vir daardie mense was nie. En dit is natuurlik 'n les wat alle genealoë moet leer.

Na die oorlog het my oupa in die Vredefortdistrik tot met sy aftrede in Marquard geboer. In 1957 het ek gehoor dat hy sterwend was en 'n laaste besoek aan hom gebring voordat ek Engeland toe sou vertrek. Niemand het vir hom gesê dat hy op sterwe lê nie en toe my ouma siek word, het hy gesê, "Ons kannie albei in die bed lê nie" en opgestaan om haar te versorg. Ouma is kort daarna oorlede en 'n jaar later is my oupa op 87-jarige leeftyd met 'n weduwee, Aletta Pienaar, getroud. Hulle het nog ses jaar lank gelukkig saamgeleef.

Toe ek in 1961 met 'n Britse vrou na Suid-Afrika terugkeer, het ons Marquard toe gegaan sodat sy die befaamde ou heer, nou 90 jaar oud, kon ontmoet. Miskien 'n sensitiewe ontmoeting? Inteendeel, hy het haar hartlik ontvang en met ondeundvonkelende oë gesê, "You must excuse my English. I have not spoken it since the Boer War".

Ek was bevoorreg om so 'n oupa te gehad het en dit is 'n voorreg om hom hier in herinnering te roep.

John Boje.

1 Februarie 2021
